

Sing vooraf staande: Psalm 130:1 (p. 635)

- 1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 105:1 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy daede in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.

Geloofsbelydenis Nicea/Apostolicum

Wet

Psalm 130:2 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

Psalm 48:1 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.

Skriflesing: Jona 4

Teks: Jona 4:4

Het jy rede om vertoornd te wees? (Jona 4:4 AFR53)

Hoe dikwels gebeur dit net nie in die lewe nie – hierdie ding dat 'n mens kwaad is oor die
manier waarop God sy wil tot uitvoer bring.

Ons leer in hierdie gedeelte van die geweldige hoogmoed van Israel.

- Hierdie volk van God het begin dink dat hulle die enigstes op die hele wêreld is wat op die liefde van God kan aanspraak maak.
- Dit was net nie in hulle verstaan moontlik dat God ook aan ander mense/volke liefde kan betoon nie.
- Erger nog, dat ander volke wat nog heidene is, aan die Here kan behoort nie.
- Hierdie mense het gedink dat net Israel alleen guns by die Here kan kry.

Die Here stuur Jona om vir die stad Ninevé te gaan preek.

- Alles binne-in Jona het in verset gekom.
- Hy was bang dat Ninevé dalk tot bekering kan kom en aan die bekering van heidene wil hy nie saamwerk nie – veral nie die bekering van Ninevé nie!
- *Ninevé het behoort tot die Assiriese ryk en was daarom Israel se vyand. Solank as wat Ninevé bestaan het, was daar altyd gevaar vir die Israelitiese volk.*

Ninevé was 'n magtige groot stad.

- Dit was so groot dat dit drie dagreise geneem het om deur die stad te trek.
- Verder was daar honderd-en-twintig-duisend mense in die stad wat die verskil tussen hulle linker- en regterhand nie geken het nie.

Dit is kinders waarvan hier gepraat word – kindertjies wat nog so klein is dat hulle die verskil tussen hulle linkerhand en hulle regterhand nie ken nie.

- Dit sou beteken dat daar ongeveer 'n halfmiljoen volwassenes in hierdie stad moes wees.
- Dit is 'n geweldige groot stad met baie mense.
- Dis die plek waar Jona moet gaan preek.

Hy het voorwaar ook 'n moeilike werk.

- Hy gaan preek nie vir kinders van God nie.
- Hy gaan preek vir heidene wat sulke geweldige booshede bedryf het, dat dit opgestyg het voor die aangesig van die Here.

Wie van ons sou nie teruggedeins het om hierdie werk te gaan doen nie?

- Jona probeer eers vlug. Hy is nie bereid om hierdie stukkie van God se raadsplan te help vervul nie.
- Dan moet God hom deur die ontberinge van drie dae in die ingewande van die vis opnuut herinner aan sy roeping.
- Daarna is Jona eers bereid om vir Ninevé te gaan preek.

Die Here kom Jona baie te hulp.

- Sy preek is maklik. Hy moet net vir mense gaan sê wat die Here hom sal voorsê as hy daar kom.
- Hy hoef nie eers voor te berei oor wat hy gaan sê of hoe hy die Woord van God aan hierdie vreemde heidene gaan verkondig nie. Die Here sal alles doen.

Jona kom in Ninevé aan en trek een dagreis in die stad in. Daar preek hy aan die mense van Ninevé dat die stad binne veertig dae verwoes gaan word.

- Hierdie preek tref die mense.
- Die hele stad skrik oor hulle sondes en bekeer hulle.

Dit gaan so vinnig dat die manne van Ninevé dadelik in God glo en 'n vasdag uitroep.

- Die koning het self ook rouklere aangetrek en op die ashoop gaan sit.
- Maar hy vaardig ook die bevel uit dat niemand iets mag eet op die vasdag nie.
- Nie die mense nie, en ook nie die diere nie.
- Al die mense moet ook rouklere aantrek om te getuig van hulle berou oor hulle sondes.

As hulle dit doen, sê die koning, wie weet dalk sal God hulle dan genadig wees en die stad nie omkeer nie.

- Die mense van Ninevé maak dus werklik in alle erns staat op die genade van die Here – al preek Jona net oordeel aan hulle.
- Al sê Jona nie een woord van God se liefde en genade nie, bid hierdie mense tog daarvoor! Is dit nie opvallend nie?!

Dan staan daar die betekenisvolle woorde in hoofstuk 3:10 dat die Here gesien het dat hulle hulle van hulle bese werke bekeer het en dat Hy nie die beplande onheil oor hulle gebring het nie.

- Jona is kwaad hieroor.
- Hy het na sy oordeelspraak uit die stad uitgegaan en op die oostekant gaan sit en wag dat die Here die stad moet verwoes.
- Toe dit nie gebeur nie, was hy so ontstemd en woedend omdat die Here genade aan hierdie mense bewys het, dat hy bid dat die Here hom moet laat sterwe.

Met die raad en die wil van die Here is hy baie ontevrede. Hy wil hê die Here moet die dinge anders laat gebeur.

- Hy wou in die eerste plek nie Ninevé toe gekom het nie.
- Op die manier waarmee die Here hom verplig het om te kom moes hy ook nog byna sterf in die groot vis.
- Nou beskik die Here dit waarlikwaar dat hierdie mense wat hy so haat en nie voor sy oë kan verdra nie, genade ontvang.
- Jona kon die Here dit nie vergewe nie. Hy wil liever sterf. Onder sulke omstandighede wil hy nie lewe nie.

Dan praat God. Hy wil weet of Jona rede het om so vertoornd te wees.

- Jona antwoord die Here nie.
- Swyg is ook 'n antwoord.

Maar God het ook vir Jona genade. Meer genade as vir die mense van Ninevé.

- Die Here bewys aan die inwoners van Ninevé genade nadat hulle berou bewys oor hulle gruwelike sondes.
- Aan Jona bewys die Here genade daarin dat Hy hom in liefde leer en onderrig terwyl hy nog ontevrede is en in opstand teen die Here.

Jona sit daar onder 'n skermpie se koelte. Die son is warm en die oostewind is warm. Die man kry swaar!

- Dan laat die Here meteens 'n wonderboom opskiet om skadu aan Jona te bied. En Jona is bly daaroor.
- Maar die Here neem die boom net so vinnig weg.

Die volgende dag is die son weer net so warm.

- Die oostewind brand gloeiend warm teen Jona waar hy daar sit.
- Hy hoop nog al die tyd dat die Here die stad gaan verwoes, want hy sit daar en kyk wat van die stad gaan word.

Dan word hy magteloos in die hitte en hy wens dat hy mag sterwe. Hy sê dit is beter om te sterf as om te lewe.

- Weer vra die Here hom of hy rede het om vertoornd te wees.
- Hierdie keer antwoord hy die Here. Ja, sê hy, ek het rede om vertoornd te wees tot die dood toe.

Dit is asof Jona in sy toorn God tot verantwoording wil roep.

- Van gemeenskap met God en gehoorsaamheid aan die wil van God wil Jona nie weet nie.
- In sy sonde is hy kwaad omdat God se raad anders is as sy menslike wil.

Hierdie profeet het ook nie 'n oog om die dinge raak te sien waarvoor hy dankbaar moet wees nie.

- Hy waardeer nie eers die feit dat God sy prediking so uitermate seën dat hy 'n hele stad in een dag tot berou kon beweeg nie.
- Hy het gaan preek met die doel dat die mense hulle nie moet bekeer nie.

Hy waardeer die wonderboom.

- Dié het vir hom skaduwee gegee.
- Dan is hy nog daaroor ook kwaad as die Here dit wegneem.

Dan leer God vir Jona in baie skerp woorde hoe dwaas hy is.

- Die Here maak dit toe aan Jona duidelik dat hy begaan is oor die wonderboom wat God oor hom laat opspring het.
- Jona het niks eers met die plant se versorging te doen nie.

As Jona dan so voel oor 'n boom waaraan hy niks bestee het nie, hoe moet God dan voel oor die halfmiljoen inwoners van Ninevé.

- Hy het hulle daargestel. En God het aan hulle lewe gegee en hulle elke dag onderhou.
- En God is nie net bekommerd oor die mense aan wie Hy moeite bestee het nie; Hy sê dat Hy selfs oor die vee bekommerd is.
- Waarom mag die Here dan nie die groot stad met sy mense en diere in die lewe hou nie?

Die diepte van hierdie preek van die boek Jona is dat die Here hier in die Ou Testament al voorspel dat die redding deur die Here Jesus Christus nie net tot die volk Israel beperk gaan bly nie.

- Hy gee ook om vir die redding van die heidenvolke buite Israel.

Die raad van God volg sy eie weë. Weë wat nie altyd vir ons mense aanvaarbaar is nie. Daarom kry ons onself ook terug in Jona.

- Hoeveel keer was ons al ontevrede en in opstand teen die manier waarop die Here sy wil uitvoer nie?
- Ons sal dit nie erken nie, maar dink 'n bietjie goed. Is dit nie dalk verergdheid in ons hart wat ons moedeloosheid veroorsaak wanneer ons planne skeefloop nie?
- Ons word so maklik moedeloos oor enigiets in ons lewe omdat ons eintlik magteloos voel omdat ons nie die wil van God kan verander nie – soos Jona.

Soms is ons openlik in opstand. Hoeveel van ons het nie al reguit vir iemand anders gesê dat dit soms moeilik gaan om te glo nie?

Het ons rede om vertoornd te wees? Nee. Net soos Jona het ons geen rede nie.

- Net soos hy is ons gestuur en het ons die roeping om die wil van God te kom uitvoer.
- En net soos hy behoort ons tevrede te wees met die beskikkinge van God se raad, selfs al bots dit met ons klein menslike beplanning.

Ons redding lê ook in hierdie vraag: het jy rede om vertoornd te wees?

- Ons het nie rede om vertoornd te wees nie, maar God het.
- God het die reg tot toorn omdat ons ons Skepper verraai en verlaat het – en omdat ons dit nog daagliks doen met ons lewensontevredenheid en opstandigheid.
- Hy het reg tot toorn omdat ons voortdurend in opstand is teen Hom en sy beskikkinge oor ons.

Daarom het God dan ook in toorn ontvlam oor ons sondes en opstand – maar gelukkig nie teen ons persoonlik nie!

- Die Here Jesus Christus het die volle toorn van God gedra vir al ons ongeregtigheid, sodat ons ook in geregtigheid voor God kan staan.
- Nog meer, want soos wat die Here Jona hier leer, het die heil van die Here Jesus Christus nie net tot Israel beperk gebly nie, dit het ook na die heidene toe gegaan. Na ons toe.
- Daarom vra God ook vandag vir u of u werklik rede tot toorn het oor sy beskikkinge oor u. Of u werklik rede tot opstand het.

Dan moet ons soveel meer as Jona in skaamte gaan staan.

- Want ons het soveel meer genade ontvang. Ons is die wat buite is, wat sonder enige goed van ons kant af deel gekry het in Jesus Christus en sy verdienste. Ons ervaar elke dag die liefde van God in die grootste mate. God sorg nog altyd, al is ons in opstand omdat sy wil anders is as ons wil.

Geliefdes, luister na al die genade wat God aan ons gee.

- Ons moet dan nou verbeter en ons ook ten volle bekeer.
- Laat ons altyd vrede met God hê, want ons het geen rede tot toorn oor al die dinge wat Hy oor ons beskik nie – al lyk dit vir ons asof die raadsvervulling van God oor ons land of ons huislike lewe, of wat ookal nie goed is nie.

Glo en luister na wat die Heilige Gees van God wil hê dat ons onder die bepaalde omstandighede moet doen.

- God se genade en liefde is so groot dat dit nie gemeet kan word nie.
- As Hy Ninevé kon spaar toe hulle berou gehad het, hoeveel meer nie ons nie, wat ons het Christus wat hulle nie eers gehad het nie.

Het ons rede tot toorn? Nee, net tot die grootste dankbaarheid.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 146:1 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 10 November 2013